

6

HOEKOM GEBEUR SLEGTE DINGE MET GOEIE MENSE?

Hoop in swaarkry en lyding

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat dit goed met ons kan gaan al doen ons slegte dinge, en dat mense wat goed probeer doen ook slegte dinge kan oorkom.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat swaarkry deel is van die lewe.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees dat die Here alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

Vaardigheid

Die kinders moet vir hulle ouers of iemand anders gaan vertel van –

- slegte dinge wat hulle geneig is om te doen; en
- goeie dinge wat God met hulle laat gebeur.

MEER INLIGTING

'n Sinnetjie wat baie in die Ou Testament voorkom, is dié een oor die verbond wat God met die mens gesluit het: *Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees*. Dit getuig sterk dat God vir ons omgee. 'n Uitspraak oor God self wat baie in die Ou Testament voorkom, is dat God barmhartig en genadig is, lankmoedig, vol liefde en trou. Dit is wat oor God gesê word in die Ou Testament. Die Nuwe Testament getuig van God se liefde vir ons deur sy Seun te stuur om aan die kruis te sterf vir ons sondes. Dit is die hoogste voorbeeld van liefde. God gee dus regtig vir ons om en wil in 'n persoonlike verhouding met ons staan.

In Genesis 1-11 lees ons dat God aanvanklik by alle volke betrokke was om hulle aan Hom te verbind. Dit het nie gewerk nie. Eers was Adam en Eva ongehoorsaam, en hulle word uit die tuin van Eden uitgeskop. Nie lank daarna nie slaan Kain vir Abel dood, en hy word uit sy land uitgeskop. Die sondvloed kom daarna, en God delg alle lewe uit behalwe vir Noag en sy

gesin. Daarna wou die mensdom vir hulleself groot naam maak, en dit het uitgeloop op die toring van Babel. Toe besluit God genoeg is genoeg. Hy gaan voortaan nie meer direk by alle volke betrokke wees nie, maar gaan deur één volk al die ander na Hom toe trek. God kies vir Abraham om uit hom 'n volk te bou deur wie Hy die hele wêreld wou seën (Genesis 12: 3; 22: 18).

In plaas daarvan dat die uitverkore volk, Israel, God gehoorsaam en sodoende alle ander volke na Hom trek, was die volk aanhoudend ongehoorsaam en ontrou aan God. In plaas van die voorspoed wat hulle sou beleef, word hulle weggevoer in ballingskap. As laaste poging om Israel na Hom terug te roep, het God nou sy eie Seun as finale Profeet gestuur om die volk tot bekering te roep. Maar hulle het Hom verwerp en gekruisig.

Jesus, die Seun van God, staan toe op uit die dood, en so word elkeen wat in Hom glo, verlos van sonde en dood. Na Jesus se kruisdood verwerp Hy Israel (Romeine 11: 14 en 15) uit hulle besondere heilsposisie. Die opgestane Jesus stuur die dissipels direk na die heidene (Matteus 28: 19) om die volke na Hom te trek. Om sy doel te bereik, gee God selfs weer vir Israel 'n kans deur hulle jaloers te probeer maak op die gelowige heidene wat nou Israel se Messias aanvaar en dien. Ook ons as gelowiges van die 21ste eeu is Christene-uit-die-heidene, en ons moet voortgaan om die evangelie te verkondig. Ons is begenadig, en juis daarom moet ons God se genade met ander deel!

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Lees die *Ons Vader*-gebed in Matteus 5 saam as gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Swaarkry is deel van die lewe. Vir die Christen is hierdie swaarkry nie 'n hopelose saak nie. Nêrens word belowe dat Christene nie sal swaarkry nie. Inteendeel, Jesus het self gesê dat dié wat Hom volg, dit in die wêreld moeilik sal hê. Maar ons kry swaar en ons hoop tegelyk.

IETS INTERESSANT

Maak 'n duidelik verstaanbare opsomming van MEER INLIGTING, en dra dit aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

- Onthou die Here se woorde: *Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.*
- Die mense van die Ou Testament, God se volk Israel inkluis, het aangehou om teen God te sondig en kon nie in vrede met God lewe nie.

- Toe Jesus in ons plek ly, sterwe en opstaan uit die dood, verlos die Here ons almal, nie net van die sonde nie, maar ook van die moeilike dinge wat op ons pad kom.
- God het goeie dinge met sondige mense laat gebeur.

IETS OM TE DOEN

Belangrik: Hierdie is 'n faseles, en daarom moet die twee ander groepe in die fase ook in gedagte gehou en hierby ingetrek word.

Drie moontlikhede kan in hierdie les gevolg word:

1. Julle kan 'n film saam kyk oor iemand wat regtig swaargekry het, en die oorwinning wat behaal is. 'n Film soos die verhaal van Helen Keller is 'n goeie moontlikheid.
2. As jy 'n skootrekenaar het om saam te neem, kan 'n aantal kort inspirerende DVD-insetsels gewys word, soos *A father's amazing love for his son* (oor die vyftigjarige man wat sy gestremde seun saamgeneem het en 'n driekamp voltooi het). Die insetsel lei dan 'n debat in oor die persoon se lewe. Rob Bell se DVD's is ook geskik, veral byvoorbeeld *Rain*, waar hy met sy seuntjie op sy rug deur die woud loop, en dit begin reën. Daar is ook ander wat geskik kan wees. Hierdie en ander goeie materiaal is by goeie boekwinkels soos CUM beskikbaar. Daar is ook heelwat wat gratis van die internet verkry kan word. Vra gerus vir die kinders om daarmee te help, hulle is baie bedrewe in Google en sal onmiddellik betrokke voel.
3. Indien die situasie nie bogenoemde toelaat nie, kan die volgende les op 'n informele, deelnemende wyse aangebied word. Laat hulle byvoorbeeld vertel van mense wat hulle ken wat baie swaar kry, of met wie daar 'n tragedie gebeur het. Jy kan ook 'n koerantuitknipsel van 'n tragedie in die gemeenskap uitknip en fotokopieer om aan hulle uit te deel. Die kinders kan dit bespreek deur metodes aan die hand te doen oor hoe die slagoffers gehelp kan word.

BY DIE HUIS

Laat hulle hulle ouers –

- gaan uitvra oor hoe hulle dalk op 'n keer moedeloos was en hulle geloof hulle in die steek gelaat het omdat hulle baie swaar gekry het. Wat het toe gebeur?
- of iemand anders gaan vertel van –
 - o slegte dinge wat hulle geneig is om te doen; en
 - o goeie dinge wat God met hulle laat gebeur.

LEER

Laat die kinders die teksvers uit Romeine 8: 38 en 39 memoriseer en vir hulle ouers opsê: *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.